

Strategiese aanvulling van lekke.

Beyers Mallo
Voedingskundige
Veekos

Die vraag word dikwels deur boere gevra wanneer moet lekke gebruik word. Wanneer volop weiding beskikbaar is voel baie mense dat lekke nie nodig is nie. Dit is dan juis die tyd wanneer winterlekke belangrik is. Indien dit weer droog is en weiding skaars is kan dit weer die verkeerde praktyk wees om lekke te voorsien indien daar nie genoeg ruvoer beskikbaar is nie. Om sinvol te kan besluit op n strategiese aanvullingsprogram moet ons eers kyk wat die doel is met lekaanvulling.

Lekaanvulling het ten doel om tekorte wat in die natuurlike weiding voorkom aan te vul. Die voedingswaarde van weiding kan wissel tussen seisoene (winter-somer), grondtipes (sand, klei, leem), tipe weiding (soetgras, suurgras en bossiesveld) en reenal (hoog, laag, winter, somer). Die belangrikste tekorte wat in weidings voorkom is fosfaat tekorte op veral groen somerweidings, proteien tekorte (stikstof) op veral droe winterweidings en mineraal en spoormineraal tekorte wat gebiedsgebonde is. Die produksiestatus van diere kan ook n bydraende faktor wees wat die tekorte kan vererger.

Die vernaamste tekort in winterweiding is proteien. Soos die weiding volwassenheid bereik neem die verteerbaarheid af as gevolg van lignifikasie. Dit is die proses waarin die selwand van die plant meer onverteerbaar raak vir die dier. Omdat die weiding dus minder verteerbaar is word minder voedingstowwe soos onder andere proteien en energie beskikbaar gestel vir die dier. Diere kan dus begin kondisie verloor of swakker presteer al is daar nog genoeg material beskikbaar bloot omdat die beskikbare weiding nie doeltreffend verteer kan word nie. Met die aanvulling van stikstof (proteien) deur lekke kan die rumen mikrobies wat natuurlik in die rumen voorkom dus vermeerder en op hul beurt die onverteerbare weiding afbreek deur fermentasie binne die rumen. Die proteien wat deur lekke voorsien word word in die rumen afgebreek tot onder andere stikstof, koolstofskelette en energie. Die mikrobies gebruik weer die stikstof en koolstofskelette om te groei en vermeerder. Ons kan dus met reg se dat ons tydens lekaanvulling die rumen mikrobies voed en nie die dier nie. Die belangrikste proteienbronne wat in lekke gebruik word is ureum (stikstof), ammoniumsulfaat (stikstof) en oliekoek (verbyvloei proteien).

Energie kan ook in winterlekke voorsien word maar is minder belangrik as proteien. Die rumen mikrobies benodig energie om stikstof te gebruik. Veral lekke met n hoe vlak van ureum (NPN) benodig voldoende energie wat vinnig beskikbaar is. Die rede is dat ureum vinnig afgebreek word in die rumen en sonder energie sal die stikstof vlakke in die rumen opbou en die dier kan ureumvergiftiging kry. Molasse (suiker) wat vinnig verteer en beskikbaar is speel hier n belangrike rol. Ander energiebronne wat in lekke ingesluit kan word is mielies (stysel) en oliekoek (vette). Daar moet egter gewaak word teen te hoe insluitingsvlakke van veral mielies in onderhoudslekke. Te hoe insluiting van energie in lekke kan die inname van winterweiding onderdruk.

Fosfaat tekorte sal hoofsaaklik in groen somerweidings voorkom. Fosfaat speel n belangrike rol in verskeie bioioiese prosesse en n tekort kan ernstige nadelige gevolge inhou. Sekere streke soos die Vryburg area het groter tekorte as ander areas. Wanneer te lae fosfaat aanvulling in die somer plaasvind moet dit in die winter vermeerder word wat egter nie n gewenste praktyk is nie. Wanneer droogtetoestande in die somer voorkom moet daar nie te veel fosfaat aan diere gevoer word nie. Fosfaat aanvulling vir droe diere wanneer proteien en energie tekorte voorkom sal die gewigsverlies vergroot. Moet dus nie fosfaat vir droe diere voer wat besig is om massa te verloor nie. Lakterende diere mag wel baat by n matige aanvulling saam met proteien.

Wanneer ons dus die behoeftes van die dier weet in terme van proteien, energie, fosfaat en minerale en reeds bepaal het wat die tekorte in die natuurlike weiding is kan ons dus die tekorte in die lek aanvul. Daar kan egter nie van een tipe lek gebruik gemaak word nie. Die samestelling van lekke sal varieer tussen verskillende gebiede en weidingsomstandighede. Dit is egter onprakties om n lek vir elke plaas te formuleer. Deur navorsing is daar vasgestel watter tipe lek die beste sal presteer vir sekere gebiede.

Voorbeeld van n lekprogram wat deur die jaar gevolg kan word is:

Somer

In die somer is groen weidings hoogs verteerbaar en bevat n goeie voedingswaarde. Fosfaat aanvulling kan gedoen word deur voorsiening fosfaatlekkie soos n P6 sout lek. **Veekos P12** kan gebruik word om self n P6 lek te meng. Op groen weidings kan energietekorte voorkom en kan baat gevind word deur veral vir produseerende diere **Veekos Energielek** of n produksielek te voorsien. Indien droogte in die somer voorkom en die weiding is dood kan oorgeslaan word na n winter proteienlek of n somerlek.

Herfs

Vanaf Januarie af begin die weidingskwaliteit en voedingswaarde geleidelik afneem. Veral in jare waar dit vroeg in die somer gereen het en die gras vroeg saad geskiet het sal die kwaliteit relatief vinnig versleg. Gedurende die periode kan daar dan van n oorganglek gebruik gemaak word.. Dit is n lek wat nogsteeds genoeg fosfaat aan die dier asook proteien voorsien. Die doel van die ekstra proteien is dus om die vertering in die rumen te verbeter. **Veekos Grasveldlek** of **Dorperlek** kan voorsien word

Winter

Gedurende die winter het die voedingswaarde en verteerbaarheid van die weiding baie versleg en kan n proteienlek voorsien word soos **Veekos Grasveldlek**, **Dorperlek** **Veekos Winterlek 40** of **Veekos Energielek** vanaf so vroeg as April maand. Fosfaat lekke word nie in die winter voorsien nie aangesien proteientekorte die grootste beperkende faktor is op produksie. Fosfaataanvulling tydens periodes van energietekorte is ook nie gewens nie. Dit is belangrik dat daar altyd voldoende ruvoer beskikbaar moet wees wanneer lekke voorsien word aangesien lekke slegs n aanvulling is. Indien ruvoer tekorte voorkom kan die diere hulle oorvreet aan lekke en ureumvergiftiging kry.

Lente

Gedurende die periode is die weidingkwaliteit en -verteerbaarheid die laagste en skaarste. Dit is ook die periode wat diere meestal in n swak kondisie is. Hier kan dus voordeel verkry word deur van n produksielek of oorgangselek gebruik te maak. Sulke lekke sal meer energie saam met voldoende proteien en fosfaat aan die dier voorsien. **Veekos Energielek** of **Veekos Superlammeroilek** kan hier aangewend word. **Winterlek 40** kan in 50/50 verhouding met mielies gemeng word om n produksielek te verkry. Indien die veldkwaliteit nie te slag is nie kan winterlekkie in die periode gevoer word. Dit is belangrik dat daar nie dadelik na die eerste somer reens oorgeskakel word na fosfaat lekke nie. Die weiding moet eers voldoende begin groei aangesien die eerste groen gras gewoonlik n lae voedingswaarde het en daar moet dus langer winterlek voorsien word.

Strategiese lekaanvulling selfs in tye van voldoende weiding sal finansiële voordele vir die boer inhou. Die voordele soos groter kalfpersentasie en gesonder diere kan egter nie oor n kort periode verkry of waargeneem word nie. Dit moet eerder beskou word as n langtermyn belegging.